

7 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 29

Fokusgedeelte: Psalm 29:1, 2

Wie die stem van die Here hoor, laat sy stem hoor!

Het jy al die engele beveel om die Here te prys? Die digter van Psalm 29 doen dit. Hy is nie die uitsondering nie (Pss. 69, 96, 148).

*“Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil’ge eng’le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!”*

Die psalm roep ons om (1) self die Here te prys en om (2) almal rondom ons, ook die engele, weer en weer te beveel: “Prys die Here!”

Wanneer sing jy en wanneer roep jy ander om God te prys? As dit met jou goed gaan? Die psalm sê nie of dit met die digter goed gegaan het of nie. Sy omstandighede is nie die rede vir sy loflied nie. Hy/sy prys die Here en roep ander daartoe omdat hy/sy die stem van die Here gehoor het! Wie die stem van die Here hoor – die magtige stem wat seders breek, berge en woestyne laat bewe – laat hulle stemme hoor! Dit kan nie anders nie. Sy stem maak jou van sy magtige teenwoordigheid bewus – die Here self is op die groot waters (vs 3)!

Waar, wanneer hoor ons sy stem? Die psalmdigter het dit in ’n donderstorm gehoor. In die gedreun van die weer, in die geruis van die aandwindjie (Gen. 3:8), in die hele skepping, word die stem van die Here gehoor. In die skepping word ons bewus van die almag en teenwoordigheid van God. Dié psalm is deel van die Bybel. In die Bybel hoor ons sy stem nog duideliker.

Wat hoor ons, wat sê die stem van die Here? Ons hoor: Die Here is groot en almagtig (vs. 1, 3-4), die Here is teenwoordig (vs. 2-3), die Here is Koning (vs. 10-11). Hy is Koning van die ganse skepping. Hy regeer met mag en krag in die hemel en op aarde. Sy heerskappy bring seën, vrede vir sy volk.

Ons/jy hoor sy stem – in sy skepping en in sy Woord. Wie die stem van die Here hoor, laat hulle stemme hoor om Hom te prys! Laat jou stem in lofprysing van God gehoor word. Laat jou stem gehoor word waar jy almal rondom jou, ook die engele, oproep om God te prys.

Sing: Psalm 29:1, 2, 5 (2001-omdigting)

Ds. FM Dreyer (Noordrand)